Die Christelike Vrou

Amptelike mondstuk van die NHSV

November/Desember 2026

Lééf elke oomblik!

Ons staan aan die einde van die jaar. In almal van ons se lewens was daar in 2026 vreugde, en hartseer. Kosbare tye met ons geliefdes, en verlange na dié wat weg is. Matige dae van roetine en voorspelbaarheid, en onstuimige dae vol onsekerheid.

In hierdie uitgawe besin ons oor hoe ons mekaar kan bystaan wanneer alles te veel word. Ons kyk terug op ’n besige en geseënde jaar vir die NHSV, en deel in die vieringe van een van ons gemeentes. Ons leer ook die sekretaris van die NHSV Hoofbestuur beter ken.

As ’n laaste gedagte, in die woorde van Helen Keller, die Doofblinde Amerikaanse skrywer: *Gebruik vandag jou oë asof jy môre gaan blind word. Luister na musiek asof jy enige oomblik jou gehoor kan verloor. Ruik die geur van blomme, geniet met oorgawe dit wat jy eet, asof jy nooit weer sal kan ruik of proe nie.*

Tessa Oppermann



Die NHSV Hoofbestuur bid al ons lesers ’n geseënde Kerstyd toe. Mag die vrede van ons Heer met ons almal wees, nou en in die jaar wat voorlê.

Tessa Oppermann

Veilig in die hande van God

Die einde van 2026 is in sig. Ons hoor reeds Kersliedjies klingel in winkelsentrums, blink Kersversierings duik oral op – en dit terwyl stres oplaai en mense al hoe meer moed verloor.

Toe ons kinders was, het die einde van die skooljaar vir baie van ons vooruitsigte van ’n vakansie by die see ingehou; wonderlike geskenke onder die Kersboom; ontspanne ouers wat tyd saam met ons kan deurbring. Vandag lyk die lewe anders. Belangrike werk moet steeds afgehandel, eksamens geskryf en uitslae afgewag word. Daarby het die meeste van ons groot finansiële kwellings, en kommer oor die verkiesingsuitslae en ander probleme in ons land. ’n Amerikaanse menseregteaktivis en predikant het jare gelede reeds gesê: *Ons moet gedurig dyke van moed bou om die vloed van vrees buite te hou.*

Tydens vanjaar se NHSV Nasionale Kongres is beskrywingspunte voorgelê oor die geestesgesondheid van mans en vroue. **Ds Annerie Conradie,** predikant in Gemeente Culembeek en een van die opstellers van die beskrywingspunt oor mans se geestes-gesondheid, het namens die NHSV se Wes-Randstreek gesê: “Mans ly nie noodwendig ‘meer’ aan depressie of angs as vroue nie, maar die manier waarop dit manifesteer en hoe hulle dit hanteer, is anders – en dikwels gevaarliker. Die groot verskil lê eerstens in die stigma wat daarmee geassosieer word, tweedens die druk van sosiale verwagtings, en derdens die gebrek aan *hulp-soek-gedrag*. Dit beteken nie dat mans ‘swak’ is nie; dit is dat die samelewing – en soms selfs die kerk – hulle leer om alleen te ly. Dit is ’n stille pandemie.”

In haar motivering het ds Annerie onder andere verwys na die hoër selfdoodsyfer by mans, hul ekonomiese en sosiale rolle, die verwagtinge van die gemeenskap, en komorbiede probleme wanneer middel-misbruik ook voorkom.



Ds Lynette Lötter van Gemeente Newcastle stem saam dat stigma daartoe kan lei dat mense uitgesluit, gemarginaliseer of anders behandel word. Dit kan ook veroorsaak dat mense minder geneig is om hulp te soek. Sy verduidelik: “Die vrees dat ander mense jou sal oordeel, verwerp of anders behandel, kan reeds genoeg wees om jou stil te maak. Dit word self-stigma genoem: wanneer iemand negatiewe stereotipes en aannames oor geestesgesondheid begin aanvaar en op hom- of haarself toepas. ’n Mens kan dan begin dink: *Daar is iets verkeerd met my. Ek moet dit self hanteer. Ek mag nie vir hulp vra nie*. Dit kan die probleem groter maak. Wanneer iemand bang is om te praat, kan stilte ’n gevangenis word.”

Die beskrywingspunt oor die geestes-gesondheid van vroue is voorgelê deur **Karin Steenekamp** van Gemeente Lydenburg. Karin is ook visevoorsitter van die NHSV se Hoofbestuur. Sy het in haar motivering soos volg verduidelik: “Ons lewe in moeilike en uitdagende tye, en vroue is onder geweldige druk vanweë stresfaktore by die huis en die werk. Vroeër jare het vroue die opdrag gehad om na die huis en huisgesin om te sien, terwyl die mans gewerk het. Vandag vra ons soveel meer van ’n vrou, want haar opdrag is steeds om na haar huis en huisgesin om te sien, maar dan kom haar beroep by, wat dikwels ’n voltydse beroep is. Vroue bring hul kant by die kerk, in die samelewing, by skole, liefdadigheid, noem maar op. En te midde van dit alles, moet hulle ook as vroue na hulself omsien. Hulle sit dus op vele stoele en moet verantwoordelikheid dra vir elke spreek-woordelike stoel waarop hulle sit.”

Maar wat is geestesgesondheid? Volgens een definisie is dit jou emosionele, sielkundige en sosiale welsyn wat bepaal hoe jy dink, voel en optree, en behels dit jou vermoë om stres te hanteer, produktief te werk en by die gemeenskap aan te sluit.

Wat doen die Kerk?

Die NHKA het jare gelede reeds in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die **Welstandsprogram** vir predikante en hul gesinne geloods. Die Kommissie was bekommerd oor die hoë en soms onrealistiese eise wat die bediening aan predikante en hul gesinne stel. Al die eise lei dikwels ook tot konflik in die huwelik, uitbranding en depressie. Daarby ervaar predikante dikwels kommer oor hul gemeentes se finansies en hul eie finansiële situasie ná aftrede. Die program bestaan uit ’n voorkomende faset, ’n terapeutiese faset, en jaarlikse monitering.



Die Welstandsprogram het ’n ooreenkoms met die NHSV om vanuit ’n samewerkende perspektief met alle sake te handel. **Mari-lizé Beukes**, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, verduidelik: “Die NHSV Dagbestuur en Hoofbestuur tree reeds op as mentors vir predikantsvroue in gemeentes om die nodige ondersteuning en advies te bied vir die unieke situasies waarin hulle hulle bevind.

Dit is tydens die 2023 Nasionale NHSV Kongres uitgebrei om ’n netwerk van ondersteuning te skep om meer predikantsvroue en predikanteweduwees te bereik. Dit is weer tydens die 2026 Nasionale NHSV Kongres behandel waartydens dr Frikkie Labuschagne die saak weer toegelig het met statistieke beskikbaar vanuit die Kerk.”

Dr Frikkie Labuschagne het tydens die NHSV Kongres bekendgemaak dat tien *retreats* by Origins naby Lanseria van twee nagte elk beskikbaar gestel gaan word vir predikantsvroue; die NHSV Hoofbestuur gaan vyf daarvan borg en die Sentrum vir Gemeentelike Bediening die ander vyf. Belangstellendes kan kontak maak met Mari-lizé indien die behoefte bestaan om van hierdie wegbreek-*retreats* gebruik te maak. Sy benadruk: “Die NHSV Dagbestuur was reeds op ’n een-dag-*retreat* by Origins en kan dit definitief aanbeveel. Die NHSV wil ’n verskil maak in die emosionele veer-kragtigheid van ons predikantsvroue en predikanteweduwees. Dit is daarom belangrik om gebruik te maak van gespesialiseerde kundiges op hierdie vakgebied, aangesien daar reeds werkbare, gespesialiseerde en effektiewe metodes bestaan en voortdurend ontwerp en ontwikkel word, ook buite die Kerk.”

Navrae oor die Kerk se Welstandsprogram kan gerig word aan dr Frikkie Labuschagne by frikkie@nhk.co.za of mev Mari-lizé Beukes by m.beukes@mweb.co.za.

Origins

Maar dit is nie net pastoriegesinne wat worstel met hul geestesgesondheid nie, en in 2024 het die **TraumaNetwerk** onder leiding van **dr Thinus van Staden** van Gemeente Montana tot stand gekom. Dit is ’n inisiatief wat ontstaan het toe kerkleiers hul kommer uitgespreek het oor die trauma wat landbouers en hul families daagliks in die gesig staar. Uit die staanspoor was dit uit gesprekke met landbou-organisasies duidelik dat nie alleen boere en hul families dringend hulp benodig nie, maar ook plaaswerkers.

TRAUMA NETWERK

Die gesprek het vinnig momentum gekry en spoedig het die NG Kerk, Gereformeerde Kerke, Afrikaanse Protestantse Kerk, Afriforum se Traumaeenheid, TIRA-SA (Traumatic Incident Reduction Association) en CPSC (Council for Pastoral and Spiritual Counsellors) deel geword van die nuwe inisiatief. Landbou-organisasies sluit in TLU SA, AgriSA en SAAI.

Dr Thinus verduidelik: “TraumaNetwerk is nie ’n nuwe organisasie nie. Ons het nie kantore of ’n bankrekening nie. Ons is presies wat die woord sê, die vorming van ’n netwerk van mense wat kragte saamspan om mense wat trauma beleef het, te ondersteun. Dit is veral op die verafgeleë platteland dat mense nie maklik toegang het tot traumaberading nie. Daarom het ons, nadat verskeie opsies oorweeg is, besluit om die TraumaApp daar te stel waar slagoffers en hul naasbestaandes toegang kan kry tot inligting oor trauma, asook die kontakbesonderhede van traumaberaders wat oor die land heen beskikbaar is om hulp te verleen. Die TraumaApp kan gratis afgelaai word by www.traumanetwerk.co.za. Klik regs bo ‘Installeer Trauma Netwerk’ om dit af te laai op jou foon.”

Individuele hulp
Hoe kan ons as vrouelidmate help om mekaar en die mans in ons lewens te ondersteun wanneer die las te swaar en die druk te veel word?

Ds Lynette benadruk: “Ons moet ’n omgewing skep waar iemand veilig genoeg voel om te sê: *Ek het hulp nodig*. Dalk begin dit eenvoudiger as wat ons dink. Dit begin by luister. Wanneer iemand die moed bymekaarskraap om iets van sy of haar verhaal te vertel, hoef ons nie altyd die regte antwoord te hê nie. Ons hoef nie dadelik die probleem op te los of raad te gee nie. ’n Sagte antwoord, ’n oop oor en ’n bereidwilligheid om teenwoordig te wees, kan die deur na verdere gesprek oophou. Elke mens dra ’n storie. Elke storie verdien om met deernis gehoor te word.”

In haar betoog by die NHSV se Kongres het ds Annerie gevra: “Wat verwag mans en wat kan ons as NHSV takke en vrouelidmate van die Kerk doen om daarmee te help?” En sy het geantwoord: “Skep ’n veilige plek om te praat. Normaliseer geestesgesondheid in die kerk en by die huis. Moedig hulpsoek aan – sonder druk. Daag giftige verwagtings uit, maar bou gesonde manlikheid op. Wees daar op praktiese maniere. Want mans het nie ’n ‘ander soort’ geestesgesondheid nie, hulle het ander hindernisse by die hantering daarvan. As ons as vrouelidmate en as kerk hulle sien, hoor en ondersteun, sonder om hul manlikheid te bedreig, kan ons ’n groot verskil maak. Dit is nie die vroue se ‘taak’ om mans te red nie – dit is ons almal se roeping om mekaar lief te hê soos Christus ons liefhet.”



Karin het onder meer só aanbeveel: “Die NHSV se eerste doelstelling is om onderlinge verbondenheid te bewerkstellig – ons as gelowige vroue moet na mekaar omsien en vir mekaar omgee. Bybelstudie is ’n goeie geleentheid om te hoor hoe dit werklik gaan. Bybelstudie gefokus op vroue in die Bybel en hoe hulle in hul geloof sterk geword het, kan vir ons antwoorde gee op hedendaagse vrae en krisisse.”



Ds Anel Boshoff van gemeentes Kroonstad, Welkom en Odendaalsrus gebruik die interessante beeld van ’n handskoen. “Die handskoen beskerm die hand sodat die hand sy werk kan doen. Soos ’n handskoen oor ’n hand pas, so moet ons die Here aantrek. Nie half nie. Nie soms nie. Nie net op Sondag nie. Maar volledig. Daagliks. Intiem. Want wanneer die handskoen reg pas, is die hand nie meer kwesbaar nie.”

Professionele hulp is beskikbaar en medegelowiges moet mekaar ondersteun. Daarby kan ons vashou aan die beloftes van die Woord: *God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle ’n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid!* (1 Petrus 5:10-11, AFR83)

Tessa Oppermann

Annatjie – trots op 25 jaar in diens van die Kerk

**Annatjie Hattingh van
Gemeente Krugersdorp-Noord
was NHSV voorsitter
in elke gemeente
waar sy tydens haar huwelik met
ds Attie Hattingh gedien het.
In 2026 is sy tydens die
Nasionale NHSV Kongres
verkies tot sekretaris van die
NHSV Hoofbestuur.**



Annatjie het grootgeword in die NHKA se Gemeente Bronkhorstspruit. In haar standerd 7-jaar het hulle na Middelburg in Mpumalanga verhuis. Sy vertel: “Ek het belydenis van geloof afgelê in Gemeente Middelburg-Noord, en ná matriek aan die Universiteit van Pretoria Onderwys studeer. Ek het later ’n honneursgraad in Spesiale Onderwys-behoeftes behaal.”

Jy is tans waarnemende departementshoof van die Grondslagfase van Laerskool Roodekrans. Wat het jou laat besluit om verder te studeer ten opsigte van spesiale onderwysbehoeftes, en hoe help dit jou in jou huidige pos?

In die onderwys kom ’n mens voor baie uitdagings te staan. Jy sien kinders met leerprobleme, haglike huislike omstandig-hede, hartseer, angs en nog vele meer. Dit het my laat besef dat as ek regtig ’n verskil wil maak, ek verder moet studeer. In my huidige pos stel dit my in staat om die personeel te ondersteun en te help met vroeë identifisering van agterstande en probleme. Dit beteken dat kinders vinniger hulp kan kry.

Jy is ook kultuurhoof by jou skool. Vertel ons meer daarvan.

As kultuurhoof van Laerskool Roodekrans is ek verantwoordelik vir al die kultuuraktiwiteite by die skool. Dit sluit koor, redenaars, spelfees, toneel, Bybelvasvra en revue in.

As student was jy lidmaat van die destydse Gemeente Verwoerdburg, en sedert jy met ds Attie getrou het, was jy in gemeentes Riebeeckstad, Bothaville, Delareyville en Krugersdorp-Noord NHSV voorsitter.

Tydens jul diens in jul huidige gemeente is jy ook NHSV streekvoorsitter van die Wes-Rand. Dit lyk my leierskap kom heel natuurlik vir jou! Het jy enige wenke vir dié van ons wat nie baie selfvertroue het nie en miskien sukkel om selfgeldend te wees, sonder om as aggressief beskou te word?

Ek glo leierskap is iets wat voortdurend ontwikkel en waaraan gewerk moet word. Die volgende wenke kan moontlik help met leierskapontwikkeling: Lei deur jou voorbeeld. Kommunikeer duidelik. Bou vertroue, toon empatie, en bemagtig ander. Hanteer konflik konstruktief. Inspireer met ’n visie, erken en waardeer prestasies, wees self ook diensbaar en bereidwillig om te leer, en wees altyd nederig.

Jy en ds Attie het twee seuns: At, wat tans ’n vierdejaar teologiestudent is, en Dawid-Louis, tans eerstejaar BSc Biotegnologie-student. Vertel ons ’n bietjie meer van hulle, en vertel sommer ook hoe julle as baie besige gesin ontspan.

Ons is ’n baie hegte gesin wat graag saam tyd deurbring. Ons is baie lief vir die Wildtuin en bestee elke moontlike kans wat ons kry in die natuur. Ons gaan gewoonlik elke Desember as gesin Suidkus toe, waar ons uitspan en batterye herlaai vir die nuwe jaar. At is 22 jaar oud en volg in sy pa se voetspore. Hy is dolgelukkig met die vooruitsig om in die Kerk werksaam en diensbaar te wees. Dawid-Louis is 19 jaar oud en beplan ’n loopbaan in die landbousektor. Ons is dankbaar om twee standvastige, selfstandige seuns te kon grootmaak wat aktief betrokke is as studente in Gemeente Philadelphia.





Nou, aan die einde van die jaar, met al die stres wat eksamenuitslae, finansiële bekommernisse en ander probleme vir talle van ons lidmate en beslis ook ons vrouelidmate bring (ons hoofartikel in hierdie uitgawe oordink juis hierdie saak), hoe dink jy kan ons vir ons lesers moed en perspektief gee?

Moenie toelaat dat bekommernisse oor môre jou vreugde van vandag steel nie. Rus in die wete dat jy jou beste gedoen het. Sluit hierdie jaar af met dankbaarheid en begin die nuwe jaar met geloof, hoop en vertroue. Die laste wat jy hierdie jaar gedra het, het nie ongesiens verbygegaan nie. Vertrou dat God reeds voor jou uit gaan in die nuwe jaar. Mag Hy jou hart vul met vrede, jou huis met vreugde en jou toekoms met hoop. Mag die vrede van vandag groter wees as die bekommernisse van môre, en mag hoop altyd sterker wees as vrees.

Annatjie sluit af met hierdie persoonlike nota:

Dit is vir my ’n groot voorreg om saam met my eggenoot reeds 25 jaar in die Kerk werksaam te wees.

Dàlene Pieterse, voorsitter NHSV Laer Suidkus
en streekverteenwoordiger Natal

Laer Suidkus hou erfenis-spitbraai

Die vakansiedag 24 September, Erfenisdag, se naam is in egte, kreatiewe Afrikaanse tradisie in Gemeente Laer Suidkus terstond verander na "Braaidag".

Braai is mos 'n gróót deel van ons erfenis as Suid-Afrikaners. Dis ook die dag waarop Laer Suidkus gróót gaan en 'n spitbraai reël sodat die gemeente en 'n groot deel van die gemeenskap in die kerksaal saam kan kuier, Afrikaanse musiek kan luister en tradisionele erfeniskos as middagete saam kan geniet. Ons braai – skaap, bees en vark – op die spit, met pap-en-sous, baba-aartappels onder in die spit verbruin, en tradisionele poeding, eg in ons kultuur ná 'n feesmaal. Elke gas bring 'n eie koelboks om die kele nat te hou.



Erfenisdag in Laer Suidkus is 'n gesellige kuiergeleentheid en die fees is so gewild dat dit 'n instelling geraak het. Danksy ons lidmate se oop hande, wat die vleis en bykosse borg, maak ons die kerksaal tot kapasiteit vol met 100 gaste. Ons hoop om lidmate wat in die toekoms gedurende September aan die Suidkus vakansie hou, met ons egte boeregasvryheid te ontvang.



Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur

NHSV sluit die jaar op hoë noot af

Op Saterdag 19 September 2026 het die NHSV Hoofbestuur hul laaste vergadering van die jaar by Emily Hobhouse in Pretoria gehou.
Wanneer die laaste Hoofbestuursvergadering van ’n jaar aanbreek, besef ons weer hoeveel ons gedoen gekry het en dink ons aan al die genade en seëninge wat ons opnuut gedurende die jaar beleef het.



Ons vier hierdie jaar ’n aantal mylpale in die geskiedenis van die NHSV. Ons is 86 jaar jonk, *Die Christelike Vrou* is al 83 jaar in sirkulasie, die Eendrachtkring is 40 jaar gelede deur die NHSV gestig, die NHSV webblad nhsv.org.za deel vir die afgelope 20 jaar reeds inligting oor ons werksaamhede, *Vroueflitse* sien al vir tien jaar die lig, en die NHSV se Facebook-blad is amper drie jaar oud!

Ons NHSV Nasionale Kongres was ’n groot sukses. Aksiestappe is geformuleer en verskeie idees het verder uitgekring en posgevat. Dankie aan al die vrouelidmate wat die Kongres bygewoon het, saam met ons gedink het en hierdie diensbaarheid in hul gemeentes en gemeenskappe verder uitdra om ’n verskil te maak.

Met die bydraes wat ons aan verskillende instansies en individue gemaak het ten opsigte van bejaardesorg, tehuise, studielenings, barmhartigheidsgevalle, Bybelverspreiding, jeugbetrokkenheid en welstandsgevalle, kon ons die verskil beleef wat ons toetrede daar gemaak het.

Soos die jaar einde se kant toe staan met laaste vergaderings, afsluitingsfunksies, eksamens wat om die draai is en ’n vakansie wat voorlê, is dit ons hoop en bede dat elke vrouelidmaat hierdie jaar sal afsluit met die wete dat God met jou is, in al die dae van jou lewe. Mag ons God se liefde vir ons ook aan ander uitdeel en dit sigbaar uitleef!

Lede van die NHSV Hoofbestuur tydens ons vergadering by Emily Hobhouse op Saterdag 19 September 2026.

Die foto is geneem deur Rozelda Nel, admin- en finansiële beampte, NHSV Kantoor.



Agter vlnr: Tessa Coetzer-Oberholzer (Dorslandstreek), Edna Ras (Oos-Randstreek), Sonette Benson (Vaalrivierstreek), Wilna Gates (verteenwoordiger NHKA Diakonaat), Marina Nortjé (Swellendamstreek), Dàlene Pieterse (Natalstreek), Lydia McIntyre (Bloemfonteinstreek), Ria Schempers (Wes-Kaapstreek), Marietjie Schutte (Noord-Kaapstreek), Thea van Rooyen (Rustenburgstreek), Hannetjie Jansen van Rensburg (Hoëveldstreek), Altha Reinecke (Pretoriastreek), Trudie Joubert (Noord-Transvaalstreek), Antoinette van Rensburg (Noordelike Pretoriastreek).

Voor vlnr: Wializé Rocher (visetesourier), Sanet van Wyk (tesourier), Karin Steenekamp (visevoorsitter), Mari-lizé Beukes (voorsitter), Annatjie Hattingh (sekretaris), Ronél Bezuidenhout (visesekretaris).

Afwesig: Ds Annerie Conradie (Wes-Randstreek), ds Anel Boshoff (Bloemfonteinstreek), Maleny de Beer (Noordwesstreek), Susan Janse van Rensburg (Dorslandstreek), en ds Danie Taljard (Oos-Kaapstreek).

Ds Yolandé de Lange, nie-diensdoende predikant



God is met ons

Dit is amper weer daardie besonderse tyd van die jaar: die liggies, die Kersliedere, die saamkuier en die klein oomblikke wat ons harte warm maak. Dit is ’n tyd wanneer die winkels oorvol en die waatlemoene volop is. Dit is ook ’n tyd waarin ons terugkyk op die jaar wat verby is, en met nuwe verwagting vorentoe kyk na die jaar wat kom.

Sommige terugflitse bring groot vreugde en mooi herinneringe. Ander het ons geduld, geloof en deursettingsvermoë geleer. Ons moet besef dat ons die jaar kan afsluit met dankbaarheid vir wat ons bereik het, of ons kan bloot net dankbaar wees dat ons deur alles gekom het.

Kersfees herinner ons opnuut aan Matteus 1:23 waar ons lees van Jesus wat Immanuel genoem word – God met ons. Ons jaar, ons lewe, ons Kersfees het nie nodig om op die voorblad van ’n tydskrif te pronk nie, dit het nie nodig om perfek te wees nie. God het immers nie gewag dat die wêreld eers rustig, ordelik en perfek moes wees voordat Hy gekom het nie. Jesus is in ’n eenvoudige stal gebore, te midde van die gewone uitdagings en onsekerhede van die lewe. Alles behalwe die ideale omstandighede wat ons so graag nastreef.

Dit is ’n boodskap wat ons vandag steeds nodig het. Die lewe raak soms besig. Ons probeer ons verantwoordelikhede as vroue, ma’s, eggenotes, vriendinne en kollegas nakom.

Ons gee om vir ander, ons luister na ander en ons probeer dikwels almal se behoeftes eerste stel. In die proses vergeet ons soms dat ons eie harte ook aandag nodig het.

Om (veral hierdie tyd van die jaar) na onsself en ons geestesgesondheid om te sien, beteken nie dat ons minder glo nie. Dit beteken ons is braaf genoeg om te erken dat ons ook mense is wat rus, ondersteuning en soms 'n bietjie hulp nodig het. Dit beteken ons erken ons lewe is nie perfek nie, maar dit hoef ook nie te wees nie.

Dalk is dit een van die mooiste geskenke wat ons hierdie Kersfees aan onsself en ander kan gee: om met meer begrip, geduld en deernis na mekaar (en na onsself) te kyk.

Wanneer ons die jaar afsluit, het ons nie nodig om die wêreld te beïndruk nie, ons het nie nodig om te weet wat die nuwe jaar gaan bring nie. Ons kan eenvoudig vorentoe kyk met die wete dat dieselfde God wat ons tot hier gedra het, ook saam met ons die onvolmaakte onbekende sal aanpak.

Mag hierdie Kersfees jou herinner dat jy nie alles alleen dra nie. God is Immanuel – God met ons.

Redakteur en taalversorging: Tessa Oppermann
Medewerkers: Ds Annerie Conradie, ds Lynette Lötter, Karin Steenekamp, Mari-lizé Beukes, dr Frikkie Labuschagne, dr Thinus van Staden, ds Anel Boshoff, Annatjie Hattingh, Dàlene Pieterse, ds Yolandé de Lange
Bladuitleg: Rozelda Nel
E-pos: admin@nhsv.org.za
Webblad: www.nhsv.org.za
Facebook: Nhsv Hoofbestuur
Landlyn: 012 325 0117